

MAANDELIKSE
markoorsig

&
you

MEI 2024
IN REVIEW

EKONOMIESE- EN MARKOORSIG

Hoofopskrifte in die media word steeds gekenmerk deur voortdurende, hoër inflasie en rentekoers besluite regoor die wêreld. Wat egter wel verander het gedurende Mei, is dat sommige sentrale banke dit oorweeg om rentekoers besluite onafhanklik te neem vanaf aksies van die Amerikaanse Federale Reserweraad (FED) gegewe plaaslike omstandighede.

Die Switserse Nasionale Bank was die eerste groot sentrale bank om in hierdie siklus koerse te sny met 'n 25-basispunt verlaging in Maart. Hierna het die Sweedse Riksbank vroeg in Mei hul beleidskoers met 25 basispunte na 3.75% verlaag. Aan die begin van Junie was die Bank van Kanada die eerste van die G7-ekonomieë wat 'n koersverlaging vanaf 5% na 4.75% aangebring het en 'n dag later het die Europese Sentrale bank hul voorbeeld gevolg en hul koers met 25 basispunte na 3.75% verlaag.

Verkiegingsuitslae in Suid-Afrika en Indië het verras met beide lande se regerende partye wat aansienlik meer steun verloor het as wat verwag is, en nou geforseer word om óf koaliesies, óf regerings van nasionale eenheid te vorm. Dit bevestig weereens hoe moeilik dit is om die uitkoms van 'n verkiesing te voorspel, selfs wanneer meningsopnames van tienduisende potensiële kiesers voor die tyd gedoen word.

In Suid-Afrika het die ANC uit die verkiesing gestap met 159 setels in die Nasionale Vergadering; dit is 31% minder as die 230 setels wat hulle voorheen gehad het. Jacob Zuma se party, MK, het alle verwagtinge oortref deur 58 setels in te palm en betwis selfs die verkiesingsuitslae.

Claudia Sheinbaum is tydens 'n historiese weghoorwinning, as Meksiko se eerste vroulike president verkies. Sy het haar grootste teëstaander, sakevrou Xóchitl Gálvez, met ongeveer 30% geklop.

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank se Monetêre Beleidskomitee het eenparig besluit om rentekoerse onveranderd te laat op 8.25%.

Goewerneur Lesetja Kganyago het in sy verklaring genoem dat Suid-Afrika se inflasiekoers vir die tweede maand in 'n ry gedaal het, na 5.2%, die laagste in vier maande. Suid-Afrika se werkloosheidsyfer het egter in die eerste kwartaal van 2024 na 32.9% gestyg, die hoogste in 'n jaar, en op vanaf 32.1% in die vorige periode.



MARKPRESTASIE

Globale aandelemarkte het hul opwaartse beweging in Mei voortgesit met heelwat markte wat algehele hoogtepunte bereik het. Alhoewel dit baie indrukwekkend klink, moet 'n mens in gedagte hou dat markte vanselfsprekend elke nou en dan 'n nuwe algehele hoogtepunt sal bereik aangesien hulle meestal oor tyd aanhou styg.

Ontluikende markte (0.2% op in USD) het afgesteek teen ontwikkelende markte wat met 4.5% (in USD) gestyg het. Globale koerse in die effekte markte het oor die maand gedaal, maar teen die einde van die maand het dit van hierdie winste terug gegee aangesien die Federale Reserweraad weer bekommerd geraak het oor inflasie. Suid-Afrikaanse effekte het 'n soortgelyke roete gevolg en die maand met hoër koerse as aan die einde van April gesluit.

Suid-Afrikaanse aandeelmarkte het die maand hoër as hul ontluikende mark-eweknieë gesluit. Te midde van verkiesingsuitslae, en die daaropvolgende onderhandelinge oor die vorming van 'n nuwe regering, word daar egter verwag dat nuus rondom dit die aandeelmark vir nog 'n wyle sal beïnvloed. Die Suid-Afrika-spesifieke risiko's sal eers afneem wanneer 'n nuwe bedeling aangekondig word en die doeltreffendheid daarvan bepaal is.

Die goudprys het stabiel gebly in Mei, terwyl die prys van 'n vaatjie olie met net meer as 7% gedaal het.

MARKINDEKSE ¹	31 MEI 2024		
	3 maande	12 maande	5 jaar ²
(Alle opbrengste in rand tensy anders aangedui)			
SA aandele (JSE indeks van alle aandele)	7.3%	6.3%	10.7%
SA eiendom (S&P SA REIT indeks)	-2.3%	17.5%	-3.8%
SA effekte (SA indeks van alle effekte)	0.2%	13.0%	7.2%
SA kontant (STeFI)	2.1%	8.5%	6.0%
Globale ontwikkelde aandele (MSCI wêreldindeks)	2.1%	19.2%	19.3%
Ontluikende mark-aandele (MSCI indeks vir ontluikende markte)	1.7%	7.2%	9.4%
Globale effekte (Bloomberg Barclays globale indeks van alle effekte)	-2.5%	-4.3%	3.6%
Rand/dollar ³	-1.9%	-5.0%	5.3%
Rand/sterling	-1.2%	-2.4%	5.5%
Rand/euro	-1.5%	-3.3%	4.7%
Goudprys (USD)	13.6%	18.3%	12.2%
Olieprys (Brent ru-olie, USD)	-2.4%	12.3%	4.8%

1. Bron: Factset

2. Alle prestasiesyfers vir meer as 12 maande word geannualiseer.

3. 'n Negatiewe syfer impliseer dat minder rande per Amerikaanse dollar betaal word, so dit dui op 'n versterking van die rand.

DIE VINNIGSTE EN MAKLIKSTE MANIER OM GELD TE MAAK (EN DIT DALK TE VERLOOR OOK)

Kriptogeld het beleggers die afgelope dekade behoorlik aan die gons. Spesifiek spekulate is besonders gefassineer en sommiges gaan selfs sover as om hierdie fenomeen met 'n geloof te vergelyk. Ongeag hoe jy daarvoor voel, dit is belangrik om die ophof oor hierdie (kan ons dit waag?) "bateklas" te verstaan en bewys te wees van die nodige oorwegings wanneer fisiese valuta vir 'n kriptogeld-verwante produk verruil word.

Die globale aandelemark van vandag het 'n totale markkapitalisasie van ongeveer USD110 biljoen. Suid-Afrikaanse genoteerde aandele beloop net meer as USD1 biljoen, terwyl die totale waarde van alle kriptogelde (byna 15 000 verskillende eenhede) oor al die beurse (meer as 1 100 daarvan) om en by USD2.6 biljoen is. Hierdie syfer was teen Desember 2022 nog USD1 biljoen na dit 'n jaar tevore by USD3 biljoen gaan draai het.

Kriptogeld is dus geensins onbelangrik in globale markte nie en het reeds deursettingsvermoë bewys. Dit baat by die groei in finansiële tegnologie en word deur al hoe meer markdeelnemers as 'n geldeenheid erken.

Een gebruik van kriptogeld is in die kripto-arbitrasie-beleggingstrategieë. Arbitrasie behels die gelyktydige koop en verkoop van aandele, effekte, valuta of kommoditeite in verskillende markte of afgeleide instrumente om voordeel te trek uit die verskillende pryse vir dieselfde bates. Aangesien 'n kriptogeldeenheid soos Bitcoin op meer as 1 000 beurse in meer as 50 lande verhandel, is daar 'n kans dat dit op enige gegewe oomblik teen verskillende pryse verhandel. Die prysverskille bied jou dus die geleentheid om 'n lae-risiko wins te maak deur tegelykertyd die goedkoopste bate te koop en die duurder een te verkoop. Indien daar geen wrywing (valutaverwisseling, regulatoriese goedkeuring of transaksiekostes) was nie, sou dit 'n maklike wins kon wees, maar net tot genoeg beleggers die geheim agter gekom het. Op hierdie stadium sal die basiese kragte van vraag en aanbod die verskil tussen die twee pryse verklein tot daar geen arbitrasie-geleenthede meer is nie.

In praktyk beteken wrywingskoste en die bestaan van meer as 1 000 kriptobeurse dat honderde verskillende pryse vir Bitcoin bestaan. In kombinasie met die byna 15 000 ander kriptogeldeenhede ontstaan daar dus duisende arbitrasie-geleenthede – baie meer as met, byvoorbeeld, Investec wat in Johannesburg en Londen genoteer is.

Hierdie geleentheid het daartoe gelei dat kripto-arbitrasie-strategieë vir beleggers in Suid-Afrika ook 'n opsie is. Hierdie strategieë gebruik 'n individu se jaarlikse buitelandse toelaag om die prysverskil tussen plaaslike beurse (soos Luno) en globale beurse (soos Kraken of Coinbase) tot voordeel te gebruik. Die volgende diagram is 'n vereenvoudigde uitbeelding van die handelingsvolgorde om 'n arbitrasie-transaksie te voltooi.



In Suid-Afrika is daar menigte verskaffers wat hierdie strategieë aanbied. Die Gedragsowerheid vir die finansiële sektor (FSCA) het tot op hede reeds meer as 70 lisensies vir kriptobatediensverskaffers goedgekeur. Sommige van hierdie verskaffers bied selfs aan om vir beleggers geld te leen sodat hulle in die "risiko-vrye" winste kan deel sonder om hul eie kapitaal te waag. Op een verskaffer se webblad word beleggers verwelkom met: "Welkom by die vinnigste, maklikste manier om geld te maak." 'n Ander verskaffer verwys na homself as jou "vennoot in lae-risiko, hoë-opbrengs kripto-arbitrasie", terwyl 'n derde belooft dat kripto-arbitrasie die "vinnigste, veiligste manier om opbrengste van digitale bates te verdien", is.

Dit klink byna te goed om waar te wees. As dit so 'n veilige beleggingstrategie is, waar niks kan skeef loop nie, hoekom doen almal dit nie? Sosiale media speel definitief 'n deurslaggewende rol in die verspreiding van hierdie beleggingstrategieë se voordele, maar aangesien hierdie sogenaamde kenners selde gereguleer word (en waarskynlik 'n fooi verdien om die idee te bemark), is dit tot hul voordeel om potensieële beleggers eerder nie van die moontlike nadele te vertel nie. Wanneer 'n geleentheid soos hierdie oorweeg word, is daar 'n paar vrae van toepassing:

Is daar 'n kans dat hierdie "risiko-vrye" strategie kan misluk?

Ja. Indien die transaksies op die twee beurse nie gelyktydig uitgevoer kan word nie en die prys verander, kan dit tot 'n verlies lei. Gegewe die onbestendigheid van kriptomarkte, is dit glad nie onmoontlik nie. Daar is ook ander risiko's wat beleggers in gedagte moet hou.

Watter tipe opbrengste kan 'n belegger verwag?

Gegewe die toename in kliënte en verskaffers wat hierdie arbitrasie gebruik, sal die opbrengste waarskynlik afneem oor tyd. Buitelandse valutafooie, prestasiefooie, verdeling van fooie en ander transaksiekostes sal almal tot 'n afname in opbrengste lei. In sommige gevalle is die produkteverskaffers op byna die helfte van die bruto wins geregtig. Dit is egter nie vir almal waar nie, so dit is belangrik om jou huiswerk deeglik te doen.

Volgens een verskaffer is die totale opbrengs op aangewende kapitaal tussen 24% (wanneer die prysverskil tussen beurse 1% is) en 90% (wanneer die prysverskil tussen beurse 3% is). Dit is mits alles volgens plan verloop. Indien daar enige struikelblokke is, kan die opbrengste totaal anders lyk.

Wat kan skeefloop?

Wanneer 'n belegger kapitaal belê, neem hulle 'n ander entiteit se balansstaatsrisiko aan. Dit is dus baie belangrik om die balansstate van alle entiteite wat die belegging op verskillende tye tydens die transaksie hou, deeglik te assesser.

Soos vroeër genoem, kan wisselvalligheid en transaksies wat nie terwyl die arbitrasie bestaan afgehandel word nie, ook tot 'n verlies lei. Die belastingimplikasies van hierdie handelswinste moet deeglik oorweeg word aangesien dit 'n beduidende impak op die belegger se na-belaste inkomste kan hê.

Laastens bestaan daar ook 'n regulatoriese risiko aangesien hierdie strategie slegs suksesvol is indien die belegger daarin slaag om 'n Buitelandse Beleggingstoelaag-belastingklaringsertifikaat te verkry.

Wanneer 'n mens enige beleggingstrategie oorweeg, is dit altyd 'n goeie idee om 'n adviseur te nader vir advies, wat nie net vertrou is met die moontlike struikelblokke nie, maar ook nie finansiële by een spesifieke strategieuse kan baat nie. Luister na die dissipels, maar moenie die nee-sêers ignoreer nie. In hierdie geval is goeie advies waarskynlik baie meer werd as wat jy vir dit sal betaal.

Soos daar in Latyn gesê word: Caveat emptor (die koper moet versigtig wees).

Bron: Daily Maverick, Currency Hub, Skrywer se eie navorsing, Coinmarketcap.com

Disclaimer

For internal use only. The information provided is of a general nature only and does not take into account investor's objectives, financial situations or needs. The information does not constitute financial product advice and it should not be used, relied upon or treated as a substitute for specific, professional advice. It is, therefore, recommended that investors obtain the appropriate legal, tax, investment and/or other professional advice and formulate an investment strategy that would suit the investor's risk profile prior to acting on such information and to consider whether any recommendation is appropriate considering the investor's own objectives and particular needs. Although the information provided and statements of fact are obtained from sources that Analytics Consulting considers reliable, we do not guarantee their accuracy, completeness or currency and any such information may be incomplete or condensed. No guarantee of investment performance should be inferred from any of the information contained in this document. Collective Investment Schemes in Securities ("CIS") are generally medium to long term investments. The value of participatory interests may go down as well as up and past performance is not necessarily a guide to future performance.

Any opinions, statements and information made available, whether written, oral or implied are expressed in good faith. Views are subject to change, without prior notice, on the basis of additional or new research, new facts or developments. All data is in base currency terms unless otherwise indicated, and sourced as disclosed.

Financial Services Providers: Portfolio Analytics Consulting (Pty) Ltd; FSP No 18490 and Analytics Consulting 1 (Pty) Ltd; FSP No 47564; Tel: (021) 936 9500; Website: www.analyticsconsulting.co.za